
Publication: LANDBOUWEEKBLAD
Date: 2015-06-19
Page: 28





# Op die spoor van 'n 'verlore' testament

**As jy 'n oorledene se testament wil opspoor, lei alle paaie na die Meester van die Hooggeregshof. Net die hof kan besluit of 'n dokument 'n testament is.**

Die oom van 'n leser is onlangs oorlede en hulle is nie seker of daar 'n testament was nie. Hoe kan hulle vasstel? En as daar nie een was nie, kan die kinders erf?

Die agtergrond is kortliks dat die oom geskei was en daar 'n slegte verhouding was tussen sy nuwe vrou en sy drie kinders, almal volwassenes.

Die leser wil weet hoe kan die kinders vasstel of daar 'n testament was en, indien daar een is, hoe kan hulle vasstel wat die inhoud daarvan is. Indien daar nie 'n geldige testament was nie, is die kinders geregtig op 'n erfporsie?

Ek meen jou soektog begin by of deur die naaste kantoor van die Meester van die Hoggeregshof. Die Boedelwet (Wet 66 van 1965) plaas 'n plig op die oorlewende gade, of as daar nie is nie, op die naaste familielid of ander persoon met wie die oorledene 'n verhouding gehad het in die distrik waarin die dood plaasgevind het, om binne 14 dae daarná die dood by die Meester aan te meld.

Dieselfde plig rus op iemand wat in beheer was van die perseel waarop die dood plaasgevind het, indien die oorlewende gade, of familielid, dit nie gedoen het nie.

Verder, sê die wet, enigeen wat in besit is van 'n dokument wat 'n testament is, of wat blyk 'n testament van 'n oorledene te wees, moet daardie dokument aan die Meester voorlê, sodra hy of sy van die dood van daardie mens bewus word.

Op ál jou vrae is jou beginpunt dus die Meester. As daar 'n testament was, moet dit by die Meester ingehandig wees. Die Meester moet 'n eksekuteur aanstel om die boedel te beredder of in die geval van 'n klein boedel (onder R250 000) kan hy net 'n verteenwoordiger aanwys.

Die eksekuteur moet die erfgename opspoor en daar sal julle kan vasstel wie uit die testament kan erf.

Alles in ag genome meen ek die onus rus in hierdie geval op die oorlewende gade. As sy saam met julle sukkel om 'n testament op te spoor, meen ek julle kan by die oorledene se bank, sy prokureur, sy ouditeur of sy makelaar navrae doen.

Kyk gerus ook na sulke mense uit sy verlede – hy kon dalk van diensverskaffer verander het en nooit sy testament geskuif of gewysig het nie.

## IS EKS GEREGTIG OP ERFPORSIE?

Wat betref die laaste vraag, wat as daar nie 'n geldige testament was nie?

Enige dokument, geldig of nie, wat lyk asof dit bedoel is om 'n testament te wees, moet by die Meester ingedien word, soos hierbo genoem. Dis nie vir jou of enigeen anders om te besluit of dit 'n geldige testament is nie. Net die hof kan daardie beslissing maak kragtens die Wet op Testamente (Wet 7 van 1953) en dan die Meester opdrag gee om daardie dokument as testament te aanvaar. En dan moet uitvoering gegee word aan die testamentêre bepalings en erf die erfgename soos daarin vermeld.

As daar nie 'n testament was nie, tree die Wet op Intestate Erfopvolging (Wet 81 van 1987) in werking. Dit bepaal dat die bates van die oorledene gelykop tussen die oorlewende gade (nie die eks nie, die huidige gade) en die afstammelinge (kinders) van die oorledene verdeel moet word. Maar die gade moet 'n minimum van R250 000 kry, vóór die kinders sal erf.

Nou die interessantheid: As julle wel op 'n ou testament afkom en dit is nie binne drie maande ná die egskeiding gewysig nie en daarin is wel bemakings aan die oorledene se eksvrou gemaak, dan sal sý geregtig wees om te erf en die nuwe gade nie. **LBW**

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen, tel. **021 461 2067**; e-pos: **nico@finlac.com**.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisikobestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission*